

Eben-Haeser

1 Samuel 7

Webster Austin



EBEN-HAESER ...

Liewe Judith, AW en Liesl, Pauline en Bernard, Stephan ... familie, vriende ...

Webster was 'n besondere man ... met 'n besondere impak in julle lewe, Judith, AW, Pauline, Stephan ... en in ons elkeen se lewe:

- Met sagtheid, Judith, het Webster die lewenspad saam met jou gestap ... al het hy jou ook met tye uitgeput met sy: *Het jy al gebel, is alles al gereël?*
- As Pa en Leermeester, AW, as klankbord, vertroueling, Bernard, Pauline, Stephan, was Webster so kosbaar ... eintlik onvervangbaar.
- As geloofsgenoot in die kerk, as kollega by die werk, as vriend op die golfbaan het Webster in elkeen van ons lewens ingegroei.

Daarom is mens dankbaar dat ons juis vanmiddag kon saamluister na die Here se woorde wat vir Webster self kosbaar was ... en waarmee ons Here ons nou wil troos en versterk ...

HUILEND STAP ONS AGTER DIE HERE AAN WAT RIGTING EN VREDE GEE

Die Here se kinders, Israel, se lewe is chaoties:

- Vir meer as 300 jaar bly hulle nou al in die beloofde land ... maar ... elke keer weer beland hulle in 'n oorlog.
- Israel foeter op hul eie pad ... en dan stuur die Here weer mense om hulle op hul knieë te dwing ... terug na Hom toe.
- Die laaste keer was dit die Filistyne:
 - Israel het by Eben-Haeser gaan oorlog maak teen die Filistyne.
 - Die Filistyne was te sterk.
 - Israel het gedink dat as hulle die Here se ark kry, dan sal die Here hulle help en sal hulle kan wen.
 - Toe verloor hulle steeds en die ark word weggevat.
 - En ja, nou het hulle die ark weer teruggekry.
 - Maar die ark staan ver weg ... by Kirjat-Jearim.
- Vir Israel is hul lewe deurmekaar ... 'n gemors ... vir 20 jaar al ...

Dan doen die Here se kinders iets baie opvallend:

Hulle kla by die Here oor hul verdrukking

- Meer letterlik staan daar:

Hulle loop huilend agter die Here aan

- Ja, die Here se kinders is besig om te huil, te rou ...
- Hulle is seer ... soos Ragel hartseer was nadat haar kinders dood is ...
- Hulle huil ... soos Amos met sy begrafnis-preek oor Israel gehuil het ...

Maar die opmerklike is:

*Israel kla, huil, rou ... **terwyl hulle agter die Here aanstap.***

- Ja, hulle is soos 'n seuntjie van 1-2 jaar wat seergekry het ...
- Al huilend stap hy agter Mamma aan ...
 - Maak nie saak waarheen Mamma stap nie ...
 - Maak nie saak hoe Mamma reageer nie ...
 - Maar kleinman stap agter Mamma aan ...
 - Want ... dis net Mamma wat my gaan help ...
 - Dis net Mamma wat my gaan rustig maak ...
- So stap die Here se kinders met al hul seer agter die Here aan ... want:
Dis net die Here wat my seer gaan stilkry, wat my tot rus gaan bring!

Hoekom die Here ...?

Want die Here **gee rigting** aan mens se lewe ... waar jy ook al is:

- Israel is hier in die moeilikheid ... stukkend ... met die ark ver weg.
- En dan ... dan praat die Here met hulle deur Samuel.
- En Samuel wys vir hulle waar hul probleem lê:

Julle dien nie die Here voluit nie.

- Nog meer ... Samuel gee rigting aan hul lewe:

Rig julle harte op die Here ... en dien Hom alleen.

- En die oomblik wat hulle dit doen en die Baäls en Astarte verwyder ... begin hul lewe weer sin maak.

*Wanneer ek verward en seer en stukkend is ...
gee die Here rigting aan my lewe!*

Maar die Here **troos ook** en gee **sy vrede**:

- Dink maar aan Jesus met sy uitgestrekte arms:
Almal wat uitgeput en oorlaai is ... kom na My toe en Ek sal julle rus gee.
- Dink maar aan die bekende Psalm 23 ...
*Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan,
is ek nie bang vir gevaar nie, want U is by my.
Dit is u staf en u stok wat my gerusstel.*
- En dink maar aan die Here se woorde elke keer weer vir sy kinders ...
wanneer Hy by hulle kom, met hulle gesels ...
Genade en vrede vir julle ...
- Dis waarom Dawid in Psalm 62 bely:
*Net Hy (God) is my rots, my verlossing, my toevlugsoord.
Ek sal nie wankel nie.*

***Met my seer stap ek soos 'n kindjie voortdurend agter die Here aan ...
want ...***

Die Here gee rigting en vrede ...!

Judith ... AW ... Pauline ... Stephan ...

- Mag julle hierdie rigting-gee van die Here beleef ...
- Mag julle met julle seer die Here se genade en vrede beleef ...
- Mag julle terwyl julle rou ... huilend agter die Here bly aanstap!

TERWYL ONS BANG IS, TREE JESUS VIR ONS IN EN BID DIE GEES VIR ONS

Maar ... die Here laat ons nog 'n tree verder stap vanmiddag, want ...

- Samuel roep die hele Israel by Mispa bymekaar.
- Hulle vas en bely hul sonde.
- Samuel leer hulle wat reg en verkeerd is.
- En dan ... dan hoor die Filistyne dat Israel almal bymekaar is ...

- En die Filistyne word bang ...
 - Gaan Israel nou in opstand kom en begin oorlog maak?
 - Gaan Israel hulle nou aanval en uit die weg probeer ruim?
- Daarom besluit die Filistynse base dat hulle gaan aanval.
- Hulle trek op om oorlog teen die Here se kinders te maak.

En wat beleef die Here se kinders?

Ook hulle word bang ...

Hulle beleef daardie tipiese onsekerheid en vrees wat ons as mense ervaar wanneer die pad vorentoe vir ons onseker is.

- Lot ... moet in 'n vreemde stad gaan bly ... hy is bang!
- Jakob ... weet nie hoe Laban gaan optree nie ... hy is bang!
- Israel ... moet op reis gaan ... weet nie of hulle veilig gaan wees langs die pad nie ... is bang!

Dis so tipies van ons as mense om bang te word, bang te wees vir die onbekende:

- Daarom, Judith, leef daar ook maar hierdie onsekerheid in jou ... hoe stap ek nou die pad alleen verder ... na so baie jare saam met Webster?
- AW ... hoe gaan my werk wees ... sonder Pa ... wat altyd saam met my was, saam met my die pad gestap het?
- Pauline ... Stephan ... hoe gaan ons lewe wees sonder Pa se besondere daar-wees en liefde elke dag ...?
- Die onbekende ... maak mens benoud ... onseker ... bang ...

Die mooi by Israel is:

Ook met hulle vrees vlug hulle na die Here!

- Samuel ... jy moet aanhou om te bid ... vir ons ...
- Samuel ... jy moet voortdurend na die Here roep om hulp ... vir ons ...
- Ja, Samuel ... jy moet vir ons intree ...!

En Samuel doen dit:

- Hy offer 'n enkele suiplam as brandoffer.
- Hy smEEK dat die Here Israel sal help.
- En die Here verhoor sy gebed!

Is dit nie besondere genade nie, geliefdes ... veral wanneer ons wat in Jesus Christus glo nou net verder kyk:

- Want jy en ek wat in Jesus Christus glo weet dat Jesus nie net 'n suiplam vir ons geoffer het nie.
- Néé, Jesus het Homself vir ons gegee.
- Ons Here Jesus het aan die kruis vir ons gaan sterf!
- En ons Here Jesus bid dwarsdeur ons hele lewe nou vir ons!
- Ja ...
 - ... maak nie saak waar ek is nie ...
 - ... maak nie saak in watter fase van my lewe ek is nie ...

Die Here Jesus, MY Here, MY Verlosser,

Hy is besig om vir my te bid!

- Is dit nie, Judith, wat juis in Romeine 8 so beklemtoon word nie:

Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit:

Hy is uit die dood opgewek,

Hy sit aan die regterhand van God,

Hy pleit vir ons.

En dan ook nog die verdere wonder van Romeine 8:

- Terwyl ek worstel in hierdie wêreld ... en sug ... is ek nie op my eie nie.
- Néé, daar is iemand wat saam met ons sug wanneer ons swaarkry:

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by:

ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie,

maar die Gees self pleit vir ons

met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

- Ja, die Gees bid saam met jou en my ... sug saam met jou en my ... gesels met die Here oor jou en my ... juis wanneer ons nie woorde het nie!

Dis 'n ryke, diepe troos, Judith ... familie ... vriende ...

- Ons raak bang vir die onbekende toekoms ...
- Maar ... in ons bang-wees mag ons weet:

Ons Here Jesus tree vir ons in ... bid vir ons ... pleit vir ons ...

én die Gees bid in ons plek ...

én die Vader hoor sy Seun se pleit ... en sy Gees se saam-sug ...

én HY hou ons by Hom ... altyd ... in alles!

EBEN-HAESER: DIE HERE HÉT EN SÁL ALTYD BLY HELP

Die Here laat ons nog een tree verder stap, geliefdes:

- Want die Filistyne kom nader en begin oorlog maak.
- En dan ... dan laat die Here 'n swaar donderweer losbars.
- Die Filistyne is deurmekaar en verward.
- En die Israëliete kan aanval en die oorlog wen!

Die Here sorg op besondere manier vir sy kinders!

En dan ... dan vat Samuel 'n klip:

- Hy sit die klip regop ... daar tussen Mispa en Sen.
- En hy noem die klip Eben-Haeser ...
 - Klip van hulp ...
 - Klip van (Goddelike) hulp ...
- Die Here is die Een wat red.
- Die Here is die Een wat jou met sy skild verdedig.
- Die Here is die Een wat jou as jy siek is, as jy in die moeilikheid is, as jy swaarkry, as jy hartseer is ... help ...
- Hierdie klip herinner Israel daaraan:

Die Here is die Here wat nog altyd, tot hier toe ... gehelp HET.

En ... die Here is die Here wat altyd verder ... SÁL help!

Vir Webster was hierdie woorde iets besonder:

Tot nou toe het die Here ons gehelp!

- Dwarsdeur Webster se lewe het die Here hom gehelp, vasgehou, gered.
- Ons dink aan al die uitdagings ... wat Webster in sy lewe beleef het.
- Ons dink aan al die operasies ... wat Webster van kleins af moes deurleef.
- Ons dink selfs aan Webster se sterwensproses ... verlede Dinsdag.

Tot nou toe het die Here ons gehelp!

- Webster se lewe ... én sy sterwe ... was nie iets wat Hy op sy eie aangepak hét of moés aanpak nie ...
- Née, in lewe en in sterwe het Webster aan Jesus Christus behoort ... en daarom was hierdie woorde vir Webster so besonder:

Eben-Haeser ... Tot nou toe het die Here ons gehelp!

Dis woorde wat ook vir die toekoms geld, geliefdes:

- Vir Webster se toekoms ...
 - Want ja, hy leef nou by die Here ... maar Hy wag ook vir Jesus se terugkom na ons wêreld toe ...
 - Webster wag vir die eindoordeel en die volle lewe saam met Jesus.
 - En in hierdie wag-tyd ... en wanneer Jesus terugkom ... ook dan is die Here ... en die Here alleen Webster se hulp ...
 - Ja, ook dan SAL die Here help ... want dis die Here se belofte:

Hy sal wat HY in Webster begin het, voltooi!

- Vir Webster geld tot die einde toe:

Eben-Haeser ... Tot die einde toe sal die Here ons help!

- Maar dit geld ook vir julle toekoms, Judith, AW, Pauline, Stephan ... vir ons elkeen ...
 - Die Here sal jou help, Judith ... elke alleen-tree ...
 - Die Here sal julle beskerm, AW ... Pauline ... Stephan ...
 - Die Here sal julle as kleinkinders genadig wees ...
 - Die Here sal ons elkeen tot die einde vashou en vrede gee ...

- Dis die genade van die Here ... vir elkeen wat in Hom glo:

Eben-Haeser ...

... tot hiertoe het die Here help ...

... tot die einde sal die Here bly help!

Geliefdes

- Ons toekoms is vas en seker ...
- Ons pad die toekoms in is vas en seker ...
- Ons lewe nou ... is geborge en geanker ...
- Terwyl jy seer is, Judith, mag jy agter die Here aanstap en beleef hoe Hy rigting gee aan jou lewe ... en aan jou sy vrede gee.
- Terwyl julle bang is, AW, Pauline, Stephan, mag julle die toekoms instap terwyl julle weet Jesus bid vir julle en die Gees bid sugtend saam met julle.
- En in elke tree mag ons elkeen weet:

Ons is brose mense ... maar die Here het gehelp en sal bly help!

Ja, kosbaar was die woord vir Webster ...

Kosbaar bly die woord vir ons ...

Eben-Haeser!

Kom ons erken ons broosheid en die Here se vaste hulp ... Psalm 102 ...